



Tolk vir Jesus



Weet julle wat 'n tolk is?


'n Tolk is iemand wat gebruik word wanneer twee of meer mense mekaar nie verstaan nie. Soms is dit omdat die mense verskillende tale praat, en soms word 'n tolk gebruik wanneer iemand doof is en nie kan hoor wat die ander persoon sê nie. 'n Tolk is 'n middelaar tussen mense.

Daar is 'n verskil tussen 'n goeie en 'n swak tolk.

'n Goeie tolk luister en sê presies wat die persone gesê het – net in 'n ander taal. 'n Swak tolk sit sommer goed by of laat dinge weg.

In die ou dae was daar mense wat ook so in die middel staan tussen ons en God. Hulle is profete genoem.

Goeie tolk



Vandag gaan ons kyk hoe 'n seun geleer het om na die Here te luister, want die Here wou hom gebruik om vir die ander mense Sy wil te leer. Hierdie seun moes later vir die volk wys wie hulle konings is – eers Saul, en later Dawid. Hy moes ook met die konings praat as hulle nie na die Here luister nie, want dan het hulle die hele volk op verkeerde paaie geneem.

Hierdie seun se naam was **Samuel**. Die seuntjie wat van 3jarige ouderdom by Eli in die tempel kom woon het. Hanna, Samuel se mamma was baie hartseer omdat sy nie swanger kon raak nie. By die tempel het sy by die Here gebid en gepleit vir 'n babatjie. Daar het sy belowe: "As U vir my 'n seun gee, sal ek hom teruggee aan U om vir U sy lewe lank te werk." So het dit gebeur dat Hanna wel haar belofte aan die Here nagekom het en Samuel by die Hoë priester Eli grootgeword het in die tempel.

'n Swak tolk

Lees 1 Samuel 3 in jou Bybel.

Waar het Samuel geslaap?... In die tempel... in die heilige deel van die tempel. Daar waar die lamp, die kandelaar gebrand het. (verbind die ou en Nuwe Testament met mekaar = die lamp verteenwoordig Jesus wat die lig vir die wêreld is.) Waar het Eli geslaap? Lewers anders, want Samuel het na hom gehardloop. Alhoewel Samuel deur Eli onderrig was, kon hy nie vir Samuel leer om God se stem te erken nie, want God het lank nie meer met Eli gepraat nie, omdat Eli anderpad gekyk het as sy kinders verkeerd doen. Dit het Eli 3 keer sê geroep geneem om te besef dit is God wat vir Samuel roep. Daarom sê hy vir Samuel: "Gaan lê en as iemand jou weer roep, sê jy: 'Praat Here, want u dienaar luister.'"

Samuel het toe gaan lê en die Here het weer geroep: "Samuel! Samuel!" Hierdie keer het Samuel geantwoord: "Praat Here, want u dienaar luister." Van toe af het Samuel se werk verander na die ver'tolk'er van alles wat die Here sê. Dit beteken hy moet presies sê wat God sê. Hy mag nie sy eie woorde bysit of van die woorde van God weglaat nie. God het 'n baie ernstige boodskap vir Samuel gegee. God het vir Samuel vertel dat Hy nou vir Eli en sy seuns gaan straf. Samuel was geskok. Hy was bang om vir Eli te vertel wat God sê. (Jy sou ook seker bang gewees het).

Eli het geroep: "Samuel, my seun!" As God met jou gepraat het, moet jy dit nie wegsteek nie. Hy is te groot dat jy kan stilbly oor wat Hy sê." Samuel moes leer om 'n goeie 'tolk' te wees. Eli leer vir Samuel om niks weg te steek van wat hy gehoor het nie. (Miskien is julle ook jammer vir Eli.) Hierdie was die begin van Samuel se 'opleiding' om 'n goeie profeet te wees. Een wat die ver'tolk'er is van alles wat die Here sê, al is dit hoe moeilik.

Om regtig te luister wat die Here sê, moet jy soos Samuel naby aan God wees. Samuel het in die Heiligdom geslaap. Naby aan God. Vandag is daar nie meer 'n fisiese tempel nie, want ons is die tempel waarin God woon. Al was Samuel in die temple naby God, het hy nie God se stem herken nie. Samuel moes geleer word om God se stem te herken. Jy leer God se stem herken deur sy Woord, die Bybel te lees. Dit beteken om elke dag tyd saam met Jesus te spandeer.

Nie net Sondae of wanneer jy 'n probleem het nie. Skryf God se woord op die tafels van jou hart. Dit beteken jy leer ken God se Woorde so goed soos 2+2=4. Enige tyd ken jy die som. So moet ons ook probeer om God se Woord te onthou.

Jy tolk God se woord presies soos Hy dit sê!

Moenie bekommerd wees nie as nie versies kan onthou nie, die Heilige Gees van God is daar om jou te help as jy sukkel. In die Bybel belowe God "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf." Jakobus 1:5 Vra die Heilige Gees om jou te help!



Superbook - Prophet Samuel <https://www.youtube.com/playlist?list=PLMVISu0JVAbAOD9bmXKd7GtrvH8cDxCmm>

- War room the movie.
- Hebrew Word Study: Shema - "Listen" Bible project <https://www.youtube.com/watch?v=6KQLOuIKaRA>
- Liedjie: Praise Ye The Lord Hallelujah (NEW VERSION) <https://www.youtube.com/watch?v=WuODF9Kbgnw>



Het jy geweet daar is 'n verskil tussen hoor en luister?

Die woordeboek beskryf die twee woorde so:

Hoor = met die oor waarneem

Luister = aandag gee aan of gehoorsaam



Het jy geweet?

- Die kleinste beentjies in die menslike liggaam is die beentjies van die middel oor naamlik die Malleus, Incus en Stapes (die hamer, die aambeeld en die stiebeuel)
- Die stiebeuel is die kleinste been in die liggaam en is slegs 2,8 mm lank
- Die oor het mees as 25 000 klein haarselle wat jou in staat stel om die nuanses van klank te kan hoor.
- Gehoorverlies is die derde mees algemene gesondheids probleem by ouer volwassenes




Maak telefoontjies uit polisterien glases en tou/wol

SAMUEL

Guide young Samuel to become a great prophet.

START



FINISH



Maak vir Samuel in sy bedjie. Jy kan 'n vuurhoutjie boksie ook gebruik.

